Verwysing: 20190624-6139
Lêernommer: 9/8/7/2
Navrae: S Koopman

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0009/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Distriksdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale, Departementele Hoofde vir Wiskunde en Wiskunde-onderwysers by hoërskole

Onderwerp: Verbetering van Wiskunde-onderrig deur gebruik te maak van 'n digitale hulpbron

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) poog om as deel van die breër provinsiale Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie (WWT)-strategie die deelnamekoers en prestasie in Wiskunde in die provinsie te verbeter. Ter ondersteuning van hierdie doelwit, is 'n Wiskundehulpbron (Paper Video) aan 57 skole deur eksterne finansiering voorsien. Tien van die 57 skole het ook hierdie hulpbron vir hulle graad 8- en 9-leerders ontvang. Die lys van skole wat sedert 2018 aan die projek deelneem, is hierby aangeheg vir maklike verwysing.

2. Die implementering in 2018 het verskeie suksesse opgelewer. Skole wat die Paper Video-hulpbron in onderrig en leer gebruik en geïnkorporeer het, het 'n aansienlike verbetering in leerderprestasie in Wiskunde opgemerk. Die terugvoer wat van onderwysers ontvang is, het daarop gewys dat die Paper Video-lesaanbiedings wat verduidelikings en oplossings vir vrae bevat, in baie gevalle uitstekend was en leerders het dit vir selfstudie en hersiening gebruik het.

3. Die sukses van die projek sal groter betrokkenheid en ondersteuning van Wiskunde-onderwysers, departementele hoofde, prinsipale, vakadviseurs, Verdere Onderwys en Opleidingskoördineerders en kringbestuurders vereis. 'n Paneelbord word gebruik om leerderregistrasie en die gebruik van die hulpbron te volg. Hier volg 'n skakel na die paneelbord: https://papervideo.co.za/sponsor-dashboard

4. Die WKOD het met die geselekteerde skole kontak gemaak en is bewus van die uitdagings wat ervaar is, soos die herwinningsproses in 2018, die registrasie van leerders in 2019 en die tekort aan hulpbronne by sommige skole. Die WKOD is in besprekings met Paper Video om in hierdie area te help, veral met die tekort aan die hulpbron.

'n Projekbestuurder, me. Sarelda Koopman, is ter ondersteuning van die projek aangestel en is getaak met mnr. Reginald Ndabeni, om die nodige ondersteuning aan al die Paper Video-skole te bied om die optimale benutting daarvan doeltreffend te verhoog.

5. Die WKOD wil graag al die geselekteerde skole aanmoedig om optimale benutting te verseker en die volgende te prioritiseer:
   - Voltooi, onderteken en dien die aangehegte Memorandum van Ooreenkoms (MoA) voor 23 Julie 2019 by die projekbestuurder in.
   - Verseker dat alle graad 12-wiskundeleerders by die geselekteerde skole geregistreer is.
   - Verseker dat alle geteikende graad 8- en 9-wiskundeleerders by die geselekteerde skole geregistreer is.
   - Integreer die hulpbron in onderrig en leer.
   - Moedig leerders aan om die hulpbron vir hersiening en selfstudie ná skool te gebruik.
   - Moniteer benutting deur die paneelbord (prinsipale en onderwysers).

6. Let asseblief daarop dat die riglyne vir registrasie en die gebruik van die paneelbord aangeheg is. Me. Sarelda Koopman en mnr. Reginald Ndabeni sal die geselekteerde skole besoek om die implementering van die projek te ondersteun en te moniteer.

7. Skole word aangeraai om die volgende amptenare te kontak vir hulp en ondersteuning:

   Sarelda Koopman (Projekbestuurder)
   Tel.: 021 467 9325
   Sel.: 078 169 1134
   E-posadres: Sarelda.Koopman@westerncape.gov.za

   Reginald Ndabeni (Fokus- & WWT-skole se Provinsiale Koördineerder)
   Tel.: 021 467 2268
   E-posadres: Reginald.Ndabeni@westerncape.gov.za

8. U samewerking om te verseker dat die Paper Video-hulpbron optimaal in die beste belang van die leerders benut word en hul prestasie verbeter, word waardeer.

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle Wiskunde-onderwysers en departementele hoofde.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-06-28

Paper Video Schools			
No	Grade	District	School
1	12	Cape Winelands	BREERIVIER
2	12	Cape Winelands	CERES SS
3	12	Cape Winelands	CLOETESVILLE
4	12	Cape Winelands	ESSELENPARK SS
5	12	Cape Winelands	KLEIN NEDERBURG SS
6	12	Cape Winelands	LABORI HS
7	12	Cape Winelands	NEW ORLEANS SS
8	12	Cape Winelands	WELLINGTON SS
9	12	Eden Cent Karoo	BRIDGTON SS
10	12	Eden Cent Karoo	GEORGE SS
11	12	Eden Cent Karoo	INDWE SS
12	12	Eden Cent Karoo	LANGENHOVEN GIM
13	12	Eden Cent Karoo	MORESTER SS
14	12	Eden Cent Karoo	P.W. BOTHA KOLLEGE
15	12	Eden Cent Karoo	PERCY MDALA HS
16	12	Eden Cent Karoo	THEMBALETHU SS
17	12	METRO CENTRAL	BELGRAVIA SS
18	8&9	METRO CENTRAL	BONTEHEUWEL SS
19	8,9 &12	METRO CENTRAL	HAROLD CRESSY HS
20	8,9 &12	METRO CENTRAL	INTSHUKUMO SS
21	12	METRO CENTRAL	KENSINGTON SS
22	12	METRO CENTRAL	OAKLANDS SS
23	12	METRO CENTRAL	OUDE MOLEN THS
24	8,9 &12	METRO CENTRAL	SPES BONA HS
25	12	METRO EAST	BELLVILLE THS
26	12	METRO EAST	BERNADINO HEIGHTS
27	12	METRO EAST	KHANYOLWETHU
28	8,9 &12	METRO EAST	LUHLAZA SS
29	12	METRO EAST	MANYANO HS
30	12	METRO EAST	MASIBAMBANE
31	12	METRO EAST	MONUMENT PARK
32	8,9 &12	METRO EAST	NORTH PINE THS
33	12	METRO EAST	SAREPTA HS
34	8,9 &12	METRO EAST	SIZIMISELE THS
35	8,9 &12	METRO EAST	JOE SLOVO
36	12	METRO NORTH	CRAVENBY SS
37	12	METRO NORTH	DELFT THS
38	12	METRO NORTH	ELSIESRIVER HIGH
39	12	METRO NORTH	EXCELSIOR HS
40	12	METRO NORTH	KASSELSVLEI SS
41	12	METRO NORTH	KUILS RIVER THS
42	12	METRO NORTH	MFULENI SS
43	12	METRO NORTH	PROTEUS SS

44	12	METRO NORTH	RAVENSMEAD HS
45	12	METRO NORTH	ST. ANDREW'S SS
46	8,9 &12	METRO NORTH	BLOEKOMBOS SS
47	12	METRO SOUTH	CAPE ACADEMY FOR MST
48	12	METRO SOUTH	GRASSY PARK SS
49	12	METRO SOUTH	OVAL NORTH SS
50	12	METRO SOUTH	PRINCETON SS
51	8,9 &12	METRO SOUTH	SOPHUMELELA SS
52	12	METRO SOUTH	ZISUKHANYO SS
53	12	OVERBERG	GROENBERG SS
54	12	WEST COAST	DIAZVILLE HS
55	12	WEST COAST	SWARTLAND HS
56	12	WEST COAST	VREDENDAL HS
57	12	WEST COAST	WESTON SS

Memorandum van Ooreenkoms tussen

die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), Paper Video

& _____

vir geborgde Paper Video-hulpbronne

Die bogenoemde skool begryp dat hy namens sy Wiskunde-leerders in graad 12, Paper Video-hulpbronne sal ontvang en dat hy (die skool) bereid is om die verantwoordelikhede te aanvaar wat hieronder uiteengesit is. Die skool begryp verder dat hy van die WKOD en Paper Video kan verwag om ondersteuning op die volgende maniere te bied.

Kommunikasie & Implementering:

Paper Video & die WKOD mag soms deur die loop van die jaar direk met die skool oor die stand en gebruik van die geborgde hulpbronne kommunikeer. Vir sodanige kommunikasie sal die skool:

- 'n Wiskunde-onderwyser vir graad 12 of vakhoof as die kontakpersoon by elke skool aanwys om namens die skool te kommunikeer en as die onderwyser in beheer van die geborgde Paper Video-hulpbronne op te tree;
- Paper Video van 'n werkende telefoonnommer en e-posadres voorsien wat gedurende werksure (Maandag – Vrydag, 08:00 – 16:00) in gebruik is, deur die onderstaande tersaaklike besonderhede in te vul;
- die verantwoordelikheid neem om dadelik op kommunikasie te reageer; en
- help met die organisering van verdere kommunikasie en/of aanbiedinge aan leerders en onderwysers, waar dit deur beide die WKOD en Paper Video nodig geag word.

Indien die skool ook ondersteuning van Paper Video ten opsigte van die geborgde hulpbronne benodig, sal Paper Video:

- die skool van 'n werkende telefoonnommer en e-posadres voorsien wat gedurende werksure (Maandag – Vrydag, 08h00 – 17h00) in gebruik is;

  Paper Video se Kontakbesonderhede: contact@papervideo.co.za , 021 426 2222

- die verantwoordelikheid neem om dadelik op sodanige kommunikasie te reageer.

Indien die skool ook ondersteuning van die WKOD benodig ten opsigte van die geborgde hulpbronne of die infrastruktuur wat benodig word sodat leerders hierdie hulpbronne op skool kan gebruik, kan hulle die vakadviseur vir Wiskunde by hul onderskeie distrikte kontak.

Voorletters:

Verspreiding, Administrasie, Implementering en Invordering van Hulpbronne:

Dit word verstaan dat die Paper Video-hulpbronne wat aan die skool geborg word, deur die skool besit word.

Om die voortgesette en effektiewe gebruik van die hulpbronne deur die skool se leerders te verseker, sal die skool:

- verseker dat alle ontvanger-Wiskunde-onderwysers vir graad 12 en die vakhoof vir Wiskunde opleiding en terugvoeringsessies sal bywoon wat deur die WKOD gereël word;
- die verantwoordelikheid neem om die hulpbronne op te neem op watter bestaande stelsel ook al vir skoolhulpbronne bestaan en dat die nodige maatreëls getref sal word om te bepaal watter hulpbronne aan watter leerders oorhandig word;
- verantwoordelikheid neem vir die opleiding van hulle Wiskunde-leerders in graad 12 in die gebruik van die hulpbronne, insluitende die gebruik van die microSD-kaart om toegang tot die video-lesse toe te laat wanneer hulle aflyn is;
- verantwoordelikheid neem vir die verspreiding van die geborgde hulpbronne na die ontvangerleerders (Wiskunde-leerders in graad 12) sodra die bekendstellingsgeleentheid voltooi is;
- die geborgde hulpbronne vir die duur van die akademiese jaar aan die ontvangersleerders leen, sodat hulle die eksamenboek huis toe kan neem, soos met ’n handboek;
- na goeddunke besluit of die microSD-kaarte op ’n lang- of korttermynbasis aan leerders geleen moet word. Die skool sal dienooreenkomstig 'n stelsel instel wat toelaat dat ontvangerleerders die geborgde microSD-kaartpakkette (soortgelyk aan hoe 'n biblioteekboek uitgeteken word) uitteken en op so 'n manier leen om die verlies van microSD-kaarte deur die loop van die akademiese jaar te verminder;
- verantwoordelikheid neem om ontvangerleerders in te lig dat hulle verantwoordelik is vir die toestand van die hulpbronne in hulle sorg en dat hulle aanspreeklik gehou sal word vir die vervanging van die hulpbronne indien hulle weens nalatigheid aan die leerder se kant verlore raak of beskadig word;
- verantwoordelikheid neem om van leerders en hulle ouers te vereis om verbintenisvorms te onderteken ten opsigte van die versorging en vervanging van die hulpbronne indien hulle verlore raak of beskadig word;
- die registrasie van leerders op die Paper Video-platform en die voortgesette gebruik van die hulpbronne bevorder en aanmoedig;
- die bestaande infrastruktuur van die skool (soos tablette en/of rekenaars) beskikbaar stel sodat leerders wat nie hulle eie toestelle het nie, op ’n gereelde en konsekwente basis toegang tot die geborgde hulpbronne kan verkry;
- die WKOD en Paper Video bewus maak van enige disfunksionele infrastruktuur wat nie toelaat dat leerders die skool se infrastruktuur kan gebruik om toegang tot die geborgde hulpbronne te verkry nie;
- die verantwoordelikheid neem om die geborgde hulpbronne aan die einde van die akademiese jaar (NADAt die NSS-eksamen vir Wiskunde geskryf is) in te vorder en maatreëls in plek stel wat die terugbesorging van die geborgde hulpbronne sal verseker;
- die verantwoordelikheid neem om leerders aanspreeklik te hou wat die geborgde hulpbronne beskadig of verloor het; en
- die verantwoordelikheid neem om die verspreiding van die versamelde hulpbronne na die daaropvolgende jare se leerders te versprei.

Voorletters:

Ten opsigte van die bogenoemde punte:

- sal die WKOD op alle kommunikasie ten opsigte van disfunksionele infrastruktuur by die skool reageer wat leerders verhoed om toegang tot die geborgde hulpbronne te verkry en so spoedig moontlik aandag skenk aan sodanige kwessies; en
- sal die WKOD en Paper Video 'n konsep van die verbintenisvorm voorsien wat aangepas, gedruk, gekopieer en saam met die leerders huis toe gestuur kan word.

Opnames:

Die WKOD en/op Paper Video mag moontlik van tyd tot tyd terugvoeropnames uitvoer. In sodanige gevalle word verstaan dat die skool sal:

- help met die fotokopiëring, verspreiding, administrasie, invordering en berging van die opnamevorms wat per e-pos deur die WKOD en/of Papier Video voorsien sal word; en
- die WKOD en/of Paper Video help om die nodige tyd en geleentheid vir leerders te reël om die opnamevorms te voltooi. Indien die voltooide opnamevorms vervolgens in hardekopieformaat voltooi is, sal hulle by die skool gestoor word totdat hulle afgehaal kan word, soos bepaal deur die WKOD.

Ten opsigte van die terugvoeropnamevorms:

- sal die WKOD en/of Paper Video seker maak dat die terugvoeropnamevorms eenvoudig is en slegs 15 minute sal neem om te voltooi.

Beëindiging van ooreenkoms:

In die geval waar die voorwaardes soos hierbo uiteengesit, nie deur die skool vervul word nie OF in die geval waar die geborgde hulpbronne onderbenut word (gemeet aan die % suksesvolle geregistreerde Wiskunde-leerders in graad 12 en die kykergetal van die video-lesse wat by die Paper Video-hulpbronne ingebed is), behou die WKOD, Papier Video en die borg die reg voor om nie voort te gaan met die oorhandiging van bronne aan die skool nie; enige hulpbronne terug te neem wat reeds aan die skool gegee is; en/of verdere borgskap van Paper Video-hulpbronne aan die skool te weier.

In die geval waar die WKOD, Paper Video en die borg sodanige beëindiging bepaal, sal die skool skriftelik en met 'n opvolg-oproep binne 2 werksdae ingelig word, waarvolgens korrektiewe maatreëls aan die skool oorgedra sal word. Indien sodanige maatreëls nie binne 5 werksdae geïmplementeer word nie, behou Paper Video die reg om hulpbronne te kanselleer, te verhaal of te weier wat deur of aan die skool beloof is.

Voorletters:

Geteken:

Al die bogenoemde vereistes en voorwaardes word deur die skool verstaan en aanvaar, soos verteenwoordig deur:

Prinsipaal van die skool:

Naam: _____

Skool se nommer: _____

E-pos: _____

Geteken: _____ Datum: _____

Wiskunde-onderwyser by skool in beheer van geborgde Paper Video-hulpbronne:

Naam & Posisie: _____

Selfoonnommer: _____

E-pos: _____

Geteken: _____ Datum: _____

WKOD-verteenwoordiger:

Naam & Posisie: _____

Telefoonnommer: _____

E-pos: _____

Geteken: _____ Datum: _____

Paper Video-verteenwoordiger:

Naam & Posisie: Paul Maree, Direkteur

Telefoonnommer: 021 426 2222 / 072 177 2386

E-pos: paul@papervideo.co.za

Geteken: _____ Datum: _____

Hoe om toegang tot die PaperVideo Usage Dashboard op te stel

Hierdie riglyn sal u help om toegang tot die Paper Video Usage Dashboard op te stel. Dit moet gedoen word voor u gebruik kan maak van die Usage Dashboard. Om ’n riglyn te sien hoe om gebruik te maak van die Usage Dashboard, raadpleeg asseblief die dokument *Hoe om GEBRUIK TE MAAK van ons Usage Dashboard*.

Stap 1: Gaan na ons webwerf of laai ons toep af

U kan begin deur ons **webwerf** te besoek Of deur ons **toep** op u toestel af te laai.

www.papervideo.co.za

Vir Android-toestelle: laai die Paper Video-toep in Google Play Store af.

Vir iPhones of iPads: laai die Paper Video-toep in die App Store af.

Vir Windows-rekenaars & MacBooks: laai die Paper Video-toep van ons webwerf af by die HOW IT WORKS-blad (www.papervideo.co.za/how-it-works.html).

Stap 2: Registreer ’n rekening

Om ’n rekening op ons **webwerf** of **toep** te registreer neem minder as 5 minute en is gratis.

Klik op die SIGN IN/REGISTER-knoppie in die boonste regterkantse hoek, maak seker dat u die REGISTER-tab gekies het, en vul dan u besonderhede in.

Klik op die REGISTER-knoppie en vul u besonderhede in.

Stap 3: Stuur ’n e-pos aan Paul by Paper Video

U kan Paul e-pos by paul@papervideo.co.za. Maak asseblief seker dat u die volgende by u e-pos insluit:

- u naam, inrigting en u posisie by die inrigting.
- die e-posadres van u Paper Video-rekening.
- die skool/skole en/of projek(te) waarvoor u toegang tot *usage statistics* benodig.

Stap 4: Wag op bevestiging van Paul af

Paul sal binne 2 werksdae reageer om u toegang te bevestig (of verdere vrae indien nodig). Nadat u toegang suksesvol opgestel is, verwys asseblief na die dokument *Hoe om GEBRUIK TE MAAK van ons Usage Dashboard* vir wenke en voorstelle om die statistieke en inligting wat beskikbaar is, optimaal te benut.

Hoe om met PaperVideo te begin

So, u het ons hulpbronne deur ’n borgskap ontvang en wil dus begin? Al wat u moet doen is om hierdie 4 maklike stappe te volg om die ekstra toponderwyser te bekom!

Stap 1: Laai die toep af of gaan na ons webwerf

U kan begin deur ons **webwerf** te besoek Of deur ons **toep** op u toestel af te laai.

www.papervideo.co.za

Vir Android-toestelle: laai die Paper Video-toep in Google Play Store af.

Vir iPhones of iPads: laai die Paper Video-toep in die App Store af.

Vir Windows-rekenaars & MacBooks: laai die Paper Video-toep van ons webwerf af by die HOW IT WORKS-blad (www.papervideo.co.za/how-it-works.html).

Let wel: As u ook ons microSD-kaart ontvang het, kan ons toep direk vanaf die kaart geïnstalleer word (sien ons **MicroSD-kaartinstruksies** wat by die geborgde hulpbronne ingesluit is).

Stap 2: Registreer ’n rekening

Om ’n rekening op ons **webwerf** of **toep** te registreer neem minder as 5 minute en is gratis.

Klik op die SIGN IN/REGISTER-knoppie in die boonste regterkantse hoek, maak seker dat u die REGISTER-tab gekies het, en vul dan u besonderhede in.

Klik op die REGISTER-knoppie en vul u besonderhede in.

Stap 3: Aktiveer u hulpbronne

Aktiveer die hulpbronne wat u ontvang het deur u 8-syferaktiveringskode(s) op ons **webwerf** of op ons **toep** in te sleutel.

Maak seker dat u ingeteken is by die rekening wat u wil aktiveer, kies die ACTIVATE RESOURCES-tab, en gebruik die toegekende spasie om die 8-syferaktiveringskode(s) in te sleutel.

Maak seker dat u ingeteken is by die rekening wat u wil aktiveer, kies die MY RESOURCES-tab, en gebruik die toegekende spasie om die 8-syferaktiveringskode(s) in te sleutel.

Onthou, as u ons eksamenboeke ontvang het, **kan u die eBook-weergawes dadelik aflaai deur u hulpbronne te aktiveer**! Maak net seker dat u ingeteken is by u rekening en gaan na die MY RESOURCES-tab om af te laai!

Stap 4: Skandeer, kyk & leer!

Al die QR-/4-syferkodes wat toegang tot ons video-lesse bied, kan in ons eksamenboeke en vakdiagramme gevind word, so maak seker dat u dit byderhand het! Nou is u gereed om ons video-lesse te begin kyk deur van ons **webwerf** of **toep** gebruik te maak!

Maak seker dat u ingeteken is by die rekening wat u geaktiveer het, kies die MY RESOURCES-tab, rol af na die ‘Enter a Code’-boks en gebruik die toegekende spasie om die 4-syfer-video-kode in te sleutel van die vraag/konsep waarmee u hulp benodig.

Maak seker dat u ingeteken is by die rekening wat u geaktiveer het, kies die WATCH A VIDEO-tab en skandeer die QR-kode) (of sleutel die 4-syferkode in die toegekende spasie in) van die vraag /konsep waarmee u hulp benodig.

Let wel: As u ook ons microSD-kaart ontvang het, kan ons video-lesse op die kaart gekyk word sonder om data te gebruik (sien ons **MicroSD-kaartinstruksies** wat by u geborgde hulpbronne ingesluit is).

Hoe om gebruik te maak van die PaperVideo Usage Dashboard

Hierdie riglyn sal u help met die navigasie en gebruik van die Paper Video Usage Dashboard. U kan slegs gebruik maak ons Usage Dashboard **NADAT** u toegang opgestel het. Om ’n riglyn te sien hoe u toegang tot die Usage Dashboard kan opstel, raadpleeg die dokument *Hoe om TOEGANG tot die Paper Video Usage Dashboard OP TE STEL*.

Stap 1: Teken in by u rekening op ons webwerf

U kan slegs die Usage Dashboard via ons webwerf sien. Die toep laat u NIE toe om die Usage Dashboard te sien NIE.

www.papervideo.co.za

Stap 2: Navigeer na die Usage Dashboard

As die webwerf u nie outomaties na die Usage Dashboard neem nie, gaan na u profiel (deur u naam aan die boonste regterkantste hoek van die webwerf te kies en dan *My Profile* te kies), gevolg deur die *USAGE DASHBOARD*-tab bo-aan die bladsy.

Stap 3: Kies waarvan u statistieke u wil sien

Kies watter *Year*, *Grade*, *Subject*, *Publication* (d.w.s. hulpbron) en *School usage statistics* u wil sien. Sodra u ’n keuse gemaak het, druk die › knoppie.

Stap 4: Rol af om die verskillende statistieke te sien

Ons het ’n verskeidenheid insiggewende statistieke beskikbaar ten opsigte van die gebruik van Paper Video-hulpbronne. Onthou asseblief dat die statistieke wat u sien, die keuses sal vertoon wat u in Stap 3 gemaak het. Die verskillende statistieke en grafieke sluit in:

1. **’n Oorsig van *usage statistics*:** *Total Activated Users, Total Activated Codes, Total Video Views, Average Video Views per Student, Total Distinct Days on which Videos were Viewed*.
2. **'n Sirkelgrafiek wat *Views per Content Delivery Method* aandui:** m.a.w.video's wat via die internet, ons microSD-kaarte en /of ons inhoudsmiddelpunte gekyk is.
3. **'n Lyngrafiek wat die *Views per Day* aandui**: kies en trek die muis oor die inhoud van die grafiek om 'n spesifieke datumreeks te vergroot.
4. **'n Borrel-grafiek wat die *Time of Day Watched* aandui:** d.w.s. 'n “gloedkaart" van wanneer leerders video's gekyk het. LET WEL: die dag en tyd wat vir die *videos views* aangeteken is, word geneem vanaf die huidige dag en tyd wat op die toestel gebruik word.
5. **'n Lyngrafiek wat die *Users per Day* aandui:** kies en trek oor die inhoud van die grafiek om 'n spesifieke datumreeks te vergroot.
6. **'n *Keywords table*** 'n tabel met die frekwensie waarmee video's met sekere sleutelwoorde gekyk word. U kan 'n Excel-blad van die data in hierdie tabel aflaai deur die knoppie in die boonste regterkantste hoek van die tabel te kies.
7. **'n *Learners and Views table*:** 'n tabel wat die leerders vertoon wat 'n rekening suksesvol geregistreer en hul hulpbronne geaktiveer het, tesame met hul individuele *usage statistics* en rekeningbesonderhede. U kan 'n Excel-blad van die data in hierdie tabel aflaai deur die knoppie aan die boonste regterkantste hoek in die tabel te kies. U kan ook 'n gedetailleerde uiteensetting van 'n *individual learner’s usage* aflaai deur hul naam in die tabel te kies.